Heilbron Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 28 Deel 110
VRYDAG - 19 JULIE 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# "Só ry die perd..."



*Ruiters en perde geniet die "Om die Koppie" rit by Vegkop. Lees meer van hul opwindende dag op bladsy 3. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie*

# Bibberweer op pad

Hierdie naweek is dit jou kans om jou nuwe winterjas weer uit die kas te haal en aan te trek, of net knus binnenshuis voor jou kaggel te kuier. 'n Landbouweerkundige noem dat weermodelle aandui dat daar 'n groot moontlikheid is vir koue en ryp gedurende die naweek. Volgens hom is dit nie noodwendig 'n slegte ding nie, die koue wis ongewenste peste en plae uit. Van die boere wag nog vir vogpersentasie van gewasse om te verlaag sodat silo's dit sal aanvaar. Die meeste boere in die Heilbron omgewing is reeds klaar gestroop of baie naby aan klaar. Die voorlopige weervoorspelling vir Heilbron lyk as volg: Saterdag met 'n minimum van -1ºC en 'n maksimum van 14ºC. Sondag word daar minimum van 2ºC voorspel en 16ºC maksimum. Frankfort is klein bietjie warmer met 'n maksimum Saterdag en Sondag van 16ºC. Petrus Steyn en Reitz is nie so gelukkig nie. Petrus Steyn kan Saterdag -2ºC en 13ºC verwag, Sondag 1ºC en 'n maksimum 14ºC. Daar word vir Reitz -1ºC en 14ºC vir Saterdag voorspel en vir Sondag 'n minimum van 1ºC en 'n maksimum van 15ºC.

## MISDAADverslag

Daar het Sondagoggend omstreeks 02:00 'n gestry en toe bakleiery uitgebreek tussen gemeenskapslede by 'n smokkelkroeg in 'n woonbuurt van Heilbron. 'n Verdagte het 'n vuurwapen uitgepluk en twee waarskuwingskote afgevuur tydens die onderonsie. Sy vriend het die vuurwapen probeer afneem toe 'n skoot afgegaan en drie ander gemeenskapslede gelyktydig in hul bene getref is. Die twee verdagtes het in verskillende rigtings weggehardloop. Die gemeenskapslede het nie op hulle laat wag nie en het die verdagtes agterna gesit. Nog skote is tydens die jaagtog afgevuur, waarna 'n gemeenskapslid in die skouer gewond is. Een van die verdagtes is vasgetrek en 'n 9mm pistool is by hom gevind. Later is daar vasgestel dat die pistool lank gelede as vermis aangemeld is. Die tweede verdagte is later die oggend gevind en ook gearresteer. Die twee verdagtes het vandeesweek in die hof verskyn op vier aanklagtes van poging tot moord, besit van 'n vuurwapen sonder 'n lisensie sowel as besit van ammunisie sonder 'n lisensie. Die vinnige en flinke optrede van die polisie het gelei tot suksesvolle arrestasie.

Heilbron Polisie vra die gemeenskap se hulp en inligting in verband met diefstal van TV's wat drasties besig is om toe te neem. Inligting in die verband moet aan die SAPD deurgegee word vir verdere ondersoek.

ULTIMO AUCTIONEERS
(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron
VEILINGSDATUMS
SATERDAG
27 Julie om 11:00
VRYDAG
9 Augustus om 11:00
Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
*Implemente inskrywings is ook baie welkom.*

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Spesiale Veiling ten bate van Liefdadigheid
BoereTreat
100 SAKKE SAAD
ALLE VEE WELKOM
DEKALB PANNAR PIONEER
BKB LOUWID
DONDERDAG | 11:00
25 JULIE 2019
ROYAL AUCTION CENTRE

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/028173/07
NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

# HEILBRON Kliniek



## Depressiewe Afwyking

### WAT IS 'N DEPRESSIEWE AFWYKING?

Die lewe is vol emosionele wisselvallighede en elkeen word soms neerslagtig. Maar wanneer die "af" tye lank en aanhoudend is of 'n persoon se vermoë om tuis en by die werk te funksioneer, aantas, kan dit wees dat hierdie persoon aan 'n algemene, maar ernstige siekte ly - depressie. Kliniese depressie beïnvloed 'n persoon se buie, gees, liggaam en optrede. Navorsing het getoon dat 5 - 6% van die bevolking in een of ander stadium van hulle lewe aan depressie ly, en amper twee derdes kry nie die hulp wat hulle nodig het nie.

Die behandeling kan die simptome in meer as 80% van die gevalle verlig. Omdat dit egter dikwels nie gediagnoseer word nie, veroorsaak depressie nog steeds onnodige lyding.

'n Depressiewe afwyking is 'n siekte van die "hele liggaam", wat u liggaam, buie en gedagtes aantas. Dit raak die manier waarop u eet en slaap, hoe u oor uself voel en die manier waarop u dinge sien. 'n Depressiewe afwyking is nie dieselfde as 'n verbygaande "bedruktheid" nie.

Dit is nie 'n teken van persoonlike swakheid of 'n toestand wat met behulp van wilskrag of positiewe gedagtes verdwyn nie. Mense met 'n depressiewe siekte kan hulself nie eenvoudig "regruk" en beter word nie. Sonder behandeling kan simptome vir weke, maande of jare voortduur. Toepaslike behandeling kan egter die meeste mense wat aan depressie ly, help.

### SIMPTOME VAN DEPRESSIE

Nie elkeen wat depressief is, ervaar elke simptoom nie. Sommige mense ervaar 'n paar simptome, ander weer veelvuldig simptome. Die erns van die simptome verskil van individu tot individu.

**Tipiese simptome van depressie is soos volg:**

• 'n Voortdurende gevoel van hartseer, onrus of "leegheid".

• Gevoelens van hopeloosheid en pessimisme. Gevoelens van skuld, waardeloosheid, hulpeloosheid en selfverwyt.

• 'n Verlies aan belangstelling of plesier in stokperdjies en aktiwiteite wat u eens geniet het, insluitende seks.

• Slapeloosheid, vroeg wakker of laat slaap.

• Aptyt- en/of gewigsverlies of ooreet en gewigstoename.

• Verminderde energie, moegheid en 'n gevoel van "traagheid".

• Verhoogde gebruik van drank en dwelms.

• Dood- of selfmoordgedagtes en selfmoordpogings.

• Rusteloosheid, irritasie, vyandigheid.

• Vind dit moeilik om te konsentreer, onthou en besluite te neem.

• Aanhoudende fisieke simptome wat nie op behandeling reageer nie, soos hoofpyn, 'n omgekrapte maag en chroniese pyn.

• Die agteruitgang van sosiale verhoudings.

### WAT VEROORSAAK DEPRESSIE?

Net soos depressie talle vorme kan aanneem, het dit talle moontlike oorsake. Inderdaad word depressie altyd deur 'n kombinasie van faktore veroorsaak. Maar waarom word een persoon depressief terwyl 'n ander glad nie geraak word nie? Daar is geen duidelike antwoord nie. Vir elke persoon is daar 'n ingewikkelde, individuele patroon van faktore wat saamwerk om depressie op 'n spesifieke tydstip toe te laat of te voorkom.

Verhoudingsprobleme kan tot depressie bydra, so ook finansiële probleme, regsprobleme, aftrede of ander stresfaktore. Verdriet weens die dood van 'n geliefde kan tot volslae depressie ly, hoewel dit nie dikwels gebeur nie. Indien u familielede het wat aan depressie gely het, beteken dit dat dit meer waarskynlik is dat uself daaraan sal ly.

Fisiologiese of "biochemiese" faktore is vandag 'n interessante navorsingsgebied. 'n Wanbalans van breinchemikalieë wat neuroversenders genoem word, dra tot depressie by.

Nog 'n bydraende fisiologiese faktor kan 'n mediese siekte wees, insluitende beroerte, Cushing se siekte en skildklierprobleme. Verskeie soorte medikasie, soos behandeling vir hoë bloeddruk, pille vir geboortebeperking en steroïede (soos kortisoon) word dikwels genoem.

Drank, dwelms, pynstillers en ander dikwels misbruikte stowwe is algemene oorsake van depressie.

### BEHANDELING

Depressie is een van die geestessiektes wat goed op behandeling reageer. Tussen 80 en 90% van alle depressiewe mense reageer op behandeling en amper alle depressiewe persone wat behandeling kry vind gedeeltelike verligting van hul simptome.

Benewens die vinnige vooruitgang van 'n begrip van die oorsake van depressie, is die wetenskaplikes ook nader aan 'n begrip van hoe die siekte behandel kan word.

'n Volledige evaluasie gaan gewoonlik die behandeling vooraf om al die oorsake van depressie uit te sluit. Die behandeling sluit medikasie sowel as psigoterapie in.

**Kontak u naaste gesondheidsorgverskaffer vir verdere hulp.**
**Heilbron Kliniek Tel: 058 852 2021**

*Bron: Departement van Gesondheid*

# Petrus Steyn Fellowship Jeugdiens

*• Louise Schultz*

*Psalm 8:3 " Uit die mond van kinders en suigelinge het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak."*

Op Sondag 14 Julie 2019 was ons geseën deur die Fellowship se kinders wie ons harte so aangeraak het. Oud van dae, maar jonk van jare gebruik God almal om sy woord te verkondig en ag Hy niemand gering nie. Dit het my so laat dink aan die liedjie wat ons as kinders gesing het: "As Hy weer kom, kom haal Hy sy kinders, al sy kinders wat in Hom glo....." Sipha Malindi(17) het liedjies gelei en kragtige getuienisse is gegee deur Chanelle Schultz (16), MG Beukes (14), Leboeuf du Plessis (14) en Jane Janse van Rensburg (10). Kaylie de Bruyn (10) is gevra om vir Max en Margaret van den Bergh te bid met die koms van hulle seuntjie, Marnu, die volgende dag en dat als vlot sal verloop met die geboorte. Die nagmaal is bedien deur Cornelius Voster (15), Christiaan Voster (14), Hanru de Bruyn (14) en Luan Schultz (12) en mens kon sien hul het die taak met soveel erns opgeneem soos dit hoort, ter nagedagtenis wat Jesus vir ons op die kruis gedoen het. Christiaan Beukes (20) was die instrument in God se hande en ons het geleer dat rekenaarkodes slegs bestaan uit die syfers een en nul, dus die lewe bestaan uit die keuse vir Jesus of die vyand. Is jy aan vir Jesus of af, dis die een of ander, maar nie albei nie. Dis die smal pad of die breë pad. Cornelius Voster het die diens afgesluit met gebed.

Ons is ook herinner om op die piek van die berg waar dit goed gaan, of op hoogland waar dit so-so met jou gaan, of in die vallei waar dit dalk sleg met jou gaan, steeds God te loof!

God is goed en ons harte is so geraak....

*1 Joh 4:11 "Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê."*


Die gemeentebraai was 'n feestelikheid en het ons heerlik saam gekuier en "gefellowship". Daar was lekker gelag en gesels en my hart wil bars oor die liefde wat daar onder mekaar is. Ek hou die wolke dop vir wanneer Jesus ons kom haal en ons die ewigheid saam gaan spandeer en God gaan loof en prys vir ewig en altyd.... Amen.



*Op die foto vl: Jane Janse van Rensburg, Christiaan Beukes.*



*Leboeuf du Plessis.*



*Op die foto vl: Jane Janse van Rensburg, Rouxlandi Janse van Rensburg, Kaylie de Bruyn*

# Aandag alle ouers!

*• Heilbron Kliniek*

Na aanleiding van TB uitbraak in Koppies en Parys skole wil ons die ouers bewus maak van moontlike TB simptome.

**KINDERS MET TB SIMPTOME**

• Hoes vir meer as 2 weke sonder verbetering met behandeling.

• Aanhoudende koors vir 2 weke en meer.

• Onverklaarbare gewigsverlies.

• Uitputting (Altyd moeg).

• Nagsweet - deurdrenkend.

Kontak die naaste kliniek indien enige van hierdie simptome waargeneem word.

# Skenk bloed - jou bloed red lewens

## *Skenk bloed in Heilbron - Dinsdag 23 Julie 2019*

Wintermaande is tradisioneel 'n moeilike tyd vir bloedinsamelings, aangesien skole en universiteite met vakansie is. Daarmee saam is daar 'n toename in tipiese wintersiektes, soos verkoues en griep, wat 'n reuse impak het op die insameling van bloed. Dit plaas SANBS onder ontsaglike druk om genoeg, veilige en goeie kwaliteit bloed in te samel.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD) nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk op Dinsdag 23 Julie 2019 by die NG Suid Kerksaal vanaf 13:00 tot 18:30 in 'n poging om veilige, genoegsame bloed in te samel om die lewens van baie te red.

Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 3 000 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput.

Om 'n bloedskenker te word moet jy tussen die ouderdom van 16-65 wees, meer as 50kg weeg, iets voor jou skenking eet, 'n veilige seksuele leefstyl lei en gesond wees op die dag van skenking.

Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het.

Help ons asseblief om 'n bloedtekort te voorkom om bloedskenking te ondersteun.

# "Om die Koppie" by Vegkop

Saterdag 13 Julie was 'n heerlike sonnige dag. 'n Ideale dag om op 'n perd se rug in die natuur te spandeer. So was dit dan ook vir die lede van Heilbron Ruiterklub wat aan die jaarlikse Ruiterklub geleentheid in Julie deelgeneem het.

Die oggend is afgeskop met 'n Modeskou/"dress up" terwyl die Gereformeerde Kerk van Heilbron heerlike pannekoek en koffie bedien het. Daarna was dit die 24 ruiters bestaande uit 12 spanne se beurt om die hindernisbaan te doen. Hier is perd en ruiter se vernuf behoorlik getoets voor hul die roete van 13km om Vegkop aangedurf het.

Die wisseltrofee behoort hierdie jaar aan Heinrich en Julia Kruger wat die beste tyd op die hindernisbaan voltooi het.

Die Buffalo Valley Spur het heeldag heerlike burgers en koeligheid vir die keel bedien. Die aand is afgesluit met 'n heerlike dans in die Vegkopsaal wat deur Riana Adlem en Dia Pretorius vir ons in 'n Meksikaanse atmosfeer omskep is. Leon Hearn het die musiek gemaak en lanklaas is daar tot so laat geskoffel in Juliemaand! Sonder borge is so 'n dag nie moontlik nie en die Heilbron Ruiterklub wil graag die volgende borge hartlik bedank vir hul betrokkenheid en bydrae om die dag moontlik te kon maak: Telwiedrè Voere, Buffalo Valley Spur, RSA Grain Storage Solutions, BKB Handel, VKB, Heilbron Herald, Sanjo's & Pakworks.



*Op die foto bo Nonna Roos met haar Mini Minion perd en Hannetjie Enslin, wat eerste en tweede plek verwerf het tydens die modeskou. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie*



*Op die foto bo oorhandig Eddie Swart die wisseltrofee aan Heinrich en Julia Kruger vir die beste tyd behaal op die hindernisbaan. Op die foto onder Heinrich en Julia Kruger in aksie. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie*





# IRONIE



Dit voeg blykbaar tekstuur aan 'n verhaal.

**DIT WORD OOK "SPOTSPRAAK" GENOEM.**

Ironie word omskryf as 'n gebeurtenis wat aspris die teenoorgestelde is as wat jy verwag het. Die resultate van so 'n gebeurtenis is gewoonlik amusant of baie snaaks.

In kort is dit wanneer die bolangse betekenis nie dieselfde is wat die onderliggende betekenis is nie. Dit is presies die teenoorgestelde.

Hier is 'n maklike voorbeeld: 'n Vrou sê dat sy net gou winkel toe gaan. Elke man wat sy sout werd is, weet dat dit ironies is. Want dit gebeur nie dat vroue gou winkel toe gaan nie. Gou is dit beslis nie.

**DAAR IS DRIE SOORTE IRONIE:**

• **Dramatiese ironie** is wanneer die gehoor meer weet van wat aan die kom is as die karakters self. Dit veroorsaak 'n spanningslyn en kan ook humor tot gevolg hê, veral wanneer die gehoor in afwagting sit en wonder wanneer die karakters uiteindelik uitvind wat gaan gebeur. Dit hou die gehoor op hulle tone, dit laat hulle hoop en soms word die gehoor saamgesleur in hulle bewebroekies.

• **Situasie ironie** is wanneer iets gebeur wat heeltemal die teenoorgestelde is as wat verwag word. Dit kan gepaard gaan met 'n weerspreking van wat algemeen aanvaar word of dit kan selfs 'n skokmoment aan die gesprek verleen.

• **Verbale ironie** klink baie soos sarkasme: die spreker sê iets, maar bedoel iets heeltemal anders. Laasgenoemde gebeur meer gereeld.

Tannie Selda is diep in die sewentig en 'n pragtige, geselserige tannie. Haar man het nooit geoefen nie. Hy en tannie Selda het verskeie ironiese oomblikke gehad, waarvan party tragies was.

Tannie Selda en oom Schalkie gaan met vakansie: hulle haak die groot woonwa en gaan Kaap toe. Met die gaan het oom Schalkie bestuur. Toe hulle terugkom, word tannie Selda afgevaardig om die eerste paar honderd kilometer in die nag te bestuur terwyl oom Schalkie slaap. Tannie Selda wil nie graag nie, veral nie deur die passe nie, maar sy belowe dat sy oom Schalkie sal wakker maak sodra sy deur die eerste pas ry.

Oom Schalkie word wakker toe die son al effens hogerig sit. "Waar is ons?" wil hy weet. "Ek weet nie," sê tannie Selda.

Toe oom Schalkie heeltemal wakker is en sy berekeninge begin toe, kom hy agter dat hulle al toeka se tyd deur die passe is, en tannie Selda, met woonwa en al, in die donker, het nie agtergekom dat sy die passe klaar kafgedraf het nie.

**OOM SCHALKIE HET NOOIT GEOEFEN NIE.** Hy besluit om op 'n dag na die gimnasium toe te gaan. Op sy eerste dag by die gimnasium sterf hy op die trapmeul.

Tannie Selda is onlangs met kanker gediagnoseer. Ons gaan kuier by haar en sy vertel dat haar onkoloog haar ses maande gegee het om te leef. Ek vra haar uit na haar behandeling.

Sy moet oggend en aand 'n handvol pille sluk, vir die volgende jaar.

Ek kon nie help om hardop te lag nie: die dokter gee haar ses maande om te lewe, maar haar behandeling gaan 12 maande duur. Dis baie ironies.

By die aftreeoord waar my gryse ou moeder bly, word daar gereeld praatjies gehou. Daar word vere reggeskud vir die besoek van die verpleegkundige wat in Alzheimer spesialiseer. Toe ek my ma later bel om te hoor of sy die praatjie geniet het, vertel sy dat die spreker nie opgedraag het nie – sy het vergeet. Die Alzheimerverpleegkundige het vergeet. Hoe ironies!

**IN SUID-AFRIKA IS DAAR BAIE IRONIESE OOMBLIKKE, VERAL AS DIT MET SOSIALE MEDIA GEPAARDGAAN.**

Nie baie lank gelede nie was daar 'n koerantopskrif wat gelees het: "Brandweerstasie verwoes deur vuur." Daar was ook berigte waar 'n Polisiestasie beroof is. Of 'n vliegtuigloods wat hoogtevrees het. Wat van onderwysers wat hulle toetse druip? Dit is mos nie wat ons verwag nie.

**En dan die gewones:** Die haarkapper se kind se hare is altyd deurmekaar. Die skoenmaker se kinders se skoene is altyd stukkend. Die professor se kind druip 'n graad (o gaats, ons mag nie meer sê "druip" nie). Die dominee se kind is in die tronk. Ons ken almal daardie simpel grappies.

Onlangs kry ek drie skermskote vanaf verskillende Facebookgroepe.

**Die een groep is is vir troeteldiereienaars. Die boodskap lui as volg:**

"Weet enige iemand waar ek pappies in die hande kan kry?"

Die reaksie was blitsvinnig: "Ek het 'n halwe boks Weetbix, sal dit genoeg wees?"

My eerste reaksie sou wees of sy van vroetelpappies praat of 'n ander pappie met 'n baard en 'n bierpensie. Almal vind dit natuurlik nie so snaaks soos ek nie.

'n Ander wou weet: "Wat vra mens vir 'n baba gemsbok?"

Waarop iemand reageer: "Vra vir hom of *camo* regtig werk."

Iemand wou 'n hok vir 'n kokketiel koop. Maar hy (of sy?) maak toe 'n spelfout. Die vraag lees dus as volg: "Het iemand vir my 'n hol vir my kokketiel?"

Die reaksie was: "Ek dink jy moet die hele kokketiel op een slag koop."

Ek dink aan my gryse ou vader wat regtig goed op sy voete kon dink. Een middag kom hy met 'n vrag pampoene by die koöperasie verby. Hy stop om iets te koop en om 'n paar geselsies te maak.

**Iemand stap verby die bakkie en vra belangstellend:** "Swanie, dis regtig mooi pampoene wat jy agterop die bakkie het. Wat vra jy vir die pampoene?"

My pa sê: "Ek vra hulle *bôggerall*. Wil jy hulle iets vra?"

Nou ja, alle pappies op 'n stokkie. Wanneer ek weer 'n vonkel in jou oog sien, sal ek weet: iemand verstaan my soort humor.

NS: Werk *camo* regtig?

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens / Sagte Kollekte
Kleuterkerk, Sin Kol: Gemeentehulp, Kategese, Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Sin Kol: Vennootskappe: Reformed Church in Zambia
Kategese, 18:00 Aandnagmaal

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Kol: Ekumenisiteit (Buitelands), Katkisasie: Les 16
Diensbeurte: Wyk 1 & 2

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO Les 18, Susters Bestuursvergadering

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 /Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***

Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**


Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.



# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 20 Julie | 2 / 20 | Sonnig |
| So 21 Julie | -2 / 20 | Sonnig |
| Ma 22 Julie | 3 / 20 | Sonnig |
| Di 23 Julie | 5 / 23 | Sonnig |
| Wo 24 Julie | 6 / 20 | Sonnig |
| Do 25 Julie | -1 / 18 | Sonnig |
| Vr 26 Julie | 0 / 18 | Sonnig |
| Sa 27 Julie | 0 / 20 | Sonnig |
| So 28 Julie | 0 / 19 | Sonnig |
| Ma 29 Julie | 0 / 19 | Sonnig |
| Di 30 Julie | 1 / 20 | Sonnig |

## KENNISGEWING

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35(5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Notice Language:** Afrikaans
**Province:** Free State
**Estate Number:** 7909/2018
**Surname:** Brunsdon
**First Names:** Lambertus Hendrik
**South African ID Number:** 390929 5007 081
**Last Address:** 127 Raubenheimer Street, Heilbron, 9650
**Description of Account if other than First and Final:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 days
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Willie J, Botha Attorneys
**Advertiser Address:** 97 Kellner Street, Westdene, Bloemfontein, 9301
**Advertiser E-mail:** deeds@wjbatt.co.za
**Date submitted:** 2019-07-08
**Advertiser Telephone:** 051 430 4353
**Publication in the Government Gazette:** 2019-07-19

### KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE HENRIETTA STRYDOM,** Identiteitsnommer: 611127 0083 08 1 in lewe 'n huisvrou woonagtig te Sonskynvilla Nommer 1, Bethlehem, 9701, getroud binne gemeenskap van goedere met **JOHANNES FRANS STRYDOM,** Identiteitsnommer: 600626 5027 08 7.
**Datum van afsterwe: 25 Oktober 2017**
**Boedelnommer: 10963/2017**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## DIENSTE

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON
***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***

- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019 (Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en lang naweek).
- 26 November 2019




## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by**
**Magda Bierman 083 292 1503**

### HUIS TE HUUR / TE KOOP
Ruim 4-slaapkamerhuis met lapa, dubbel-motorhuis en groot tuin met boorgat in Vegkop te huur (R6 000 per maand) of te koop, R1 000 000-00 (onderhandelbaar).
**Kontak Obi 084 811 4823**
**SKB**

### KENNISGEWING
Hiermee aavaar ek
**HENDRINA BARNARD**
woonagig in Wrightstraat 8, geen verantwoordelikheid vir skuld aangegaan deur Melanie Barnard (Watson) woonagtig in Barakstraat 50.
Dankie
G

### BAAL VAN OESRESTE
Baal van mielie-reste of bone.
Petrus Steyn, Heilbron, Frankfort en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### HOUTWERK
Vir alle herstelwerk en maak van houtmeubels.
**Kontak Morné Naude**
**084 890 9366**
**Sampie Fronemanstr. 10 Heilbron**
K1677

## JAAR-BEPLANNER

**AUGUSTUS**
*2-3 Boeretreat*
*21 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**SEPTEMBER**
*18 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

**OKTOBER**
*12 SPAR-Gholfdag*
*23 Huis- en Tuinbouklub vergadering*

## TE KOOP

### TUPPERWARE TE KOOP
Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**
**Heilbron**

### TE KOOP
Plaas te koop.
Kontak eienaar by
**076 529 3888**
K1678

### SKOOL TERMYNE
- Sluit 20 Sept.
- Open 1 Okt.
- Sluit 4 Desember

### ROLSTOEL PROJEK
Kom help ons om bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033.**

Net te hoog vir jou?
geen probleem nie




Kontak: JC 082 553 8969

### BESIGHEIDSURE
**Maandae tot Donderdae -** 07:30 tot 17:00
**Vrydae -** 07:30 tot 16:30
**Saterdae -** 08:30 tot 13:00

Verskeidenheid A3, A4 en A5 rame nou beskikbaar.

*Kom besoek ons gerus vir vinnige en flinke diens*

Herald
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**9650**
**Tel: 058 852 3033**
**E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za**
Office National




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**


## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
*Vir die beste transaksies en diens*
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

## TE KOOP

GiG Technologies
Kerk Str. 44
Heilbron
072 840 4493
info@gigtechnologies.co.za
Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!!
From R299.00 p/m

VLEISSENTRAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT
Koopkrag gewaarborg
Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer


# Valkebeker nou in Heilbron



*Met groot afwagting vir die Valke Rugby Finaal het die eerste rugbyspan van Hoërskool Heilbron die span van Panorama, Kemptonpark aangedurf. Met rotsvaste verdediging is dit vir Panorama moeilik gemaak om oor die voordeellyn te kom en kon hul net een keer slaag om punte aan te teken. Hoërskool Heilbron het as 'n eenheid aangeval en die doellyn ses keer oorgesteek, drieë is gedruk deur Mike Henn (x2), Wolter Bennink, Sarel Mouton, Koos Scheepers en Sipa Malinda. Waldo Steyn het een strafskop en twee drieë verdoel asook Francois Els wat een drie verdoel het. Hoërskool Heilbron het elke punt saam as 'n span verdien en het met 39 - 5 as Valke wenners getriomfeer.*

# Wilgies se Top 5 presteerders

**Uitslae van Hoërskool Wilgerivier se Top 5 presteerders vir die tweede kwartaal:**

**Graad 4:** Will Roberts 89,83%, Leon de Jager 88,83%, Mia Muller 88,83%, Christiaan Antunes 86,67% en Marichelle de Jager 85%.

**Graad 5:** Libbie-Anne Müller 89,17%, JG Madern 88,67%, Joné Lange 88,33%, Andrea du Plessis 87,67% en Andries Müller 87,67%.

**Graad 6:** Elsabé Claasen 94,33%, Jenni Müller 92,00%, Estiaan Roodt 91,83%, Danica Groenewald 86,83% en Hannah Spiller 86,67%.

**Graad 7:** Skyla Budiscak 89,44%, Anike Fritz 88,11%, Colene Scheepers 87,78%, Angelique Schabort 86,89% en Lana Smit 83,56%.

**Graad 8:** Jhonder Struwig 87,78%, Berdine Müller 87,44%, Zernich van Zyl 86,67%, Jean-Pierre Prinsloo 79,56% en JP Boy 79,11%.

**Graad 9:** André Richter 92,78%, Lené Richter 89,33%, Christine Malan 89,22%, Johanco van Zyl 88,44% en Ziané van Niekerk 88,11%.

**Graad 10:** Marike Muller 87,57%, Isa-Mari van den Berg 87%, HW Müller 85,57%, Wilandri Naudé 79,71% en Lize Lange 78,71%.

**Graad 11:** Lené Muller 86,57%, Anita -Mari Janse van Rensburg 81%, Wilhelm Burger 80,29%, Janie van Rooyen 79,29% en Kristin van Coller 73,63%.

**Graad 12:** Johnny Muller 94,71%, Diana Mouton 89,86%, Cornel Smit 84,71%, Ruart Victor 80,86% en Luiza Dos Santos 78,86%.


## Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse

**TWEEDE KWARTAAL 2019 BESTE PRESTEERDERS:**
Hieronder is die TOP presteerders tydens dié kwartaal:

**• HEILBRON (5DE JR VAN KLASSE AANBIED)**
Beste prestasie : Jané Janse van Rensburg gr. 9 Wiskunde = 80%!!
Beste verbetering : Natalie Naudé gr.8 Wiskunde = +35%!!

**• FRANKFORT (4DE JR VAN KLASSE AANBIED)**
Beste prestasie : Anria Bothma gr.9 Wiskunde = 91%!!
Beste verbetering : Cronje Hattingh gr.11 Fisiese Wetenskappe = +14%!!

***Kontak my indien jy belangstel in ekstraklasse gr.8 tot 12, vir 2019 en 2020. Suryn Claasen 083 234 9882.***


*Jané J v Rensburg*

*Anria Bothma*

*Natalie Naude*

*Cronje Hattingh*


# Top 5 presteerders



*Top-5 primêre presteerders van die Hoërskool Heilbron. Van voor, graad 4: Chenelle Els (eerste), Noeline Gavin (tweede), Danelri Mocke (derde) en Rikus Bronkhorst (vierde) en Lizelle Swanepoel (vyfde). Tweede ry, graad 5: Adri Erasmus (eerste), Franco Roos (tweede), Dihan Janse van Rensburg (derde), Cariska Janse van Rensburg (vierde) en Juan Janse van Rensburg (vyfde). Derde ry, graad 6: André Viviers (eerste), Alexa Kruger (tweede), Johanri Pretorius (derde), Carli Rochat (vierde) en Kayla Bosman (vyfde). Agterste ry, graad 7: Michaela Grobler (eerste), Luzé Barnard (tweede), Annalize Swart (derde) en Martelize Hattingh (vierde) en Madaleen de Beer (vyfde).*



*Top-5 sekondêre presteerders van die Hoërskool Heilbron. Van voor, graad 8: Wessel Steyn (84.33%), Stean Lategan (73.89% - afwesig), Nelius Meiring (73.11%), Beanke Nagel (72.89%) en Charlize Smit (72.89%). Tweede ry, graad 9: Anica Grobler (86.22%), Janke Pretorius (82.56%), Jané Jansen van Rensburg (80.22%), Alden Peach (79.67%), en Mbali Malindi (78.33%). Derde ry, graad 10: Danica Boucher (85.57%), Petra du Plessis (78.57%), Jeanné van Wyk (77.71%), Erna Els (74.57%), Danielle van Wyk (73.57%) en André Muller (73.57%). Vierde ry, graad 11: Kyla de Lange (79.43%), Geraldine Mong (75.29%), Izany de Wit (72.57%), en Elana Dippenaar (70.14%). Agterste ry, graad 12: Amané Watson (88.43%), Tomari Prins (84.00%), Carissa Peach (76.00%), Megan Strydom (74.86%) en Marni Matthee (72.71%).*




# Dienssentrumlede skop kwartaal af op 'n hoë noot




*Die lede van Heilbron Dienssentrum het Dinsdag die derde kwartaal afgeskop. Ds Tiaan Victor het die dag geopen en aangesluit by die dag met die tema Bygelowe. Op die foto saam met Ds Tiaan Victor verskyn twee verjaarsdaglede vir die maand, Caryl Loots en Sharky Kühn. Volgende week kom 30 van Kleuterkasteel se maatjies vir die lede kuier. Die ooms en tannies gaan vir hulle regte, egte stories vertel en lekker bederf.*






**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033**

**E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**









Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | | | | 3 | 6 | |
| 6 | | | 9 | | 4 | | | |
| | | 8 | | | 7 | 4 | 9 | |
| | 9 | 5 | | | | | 4 | 3 |
| 8 | 6 | | 4 | | 3 | | | |
| | | | | 5 | | 1 | | 6 |
| | | | 6 | 9 | | 2 | | 4 |
| 7 | 2 | 6 | | | | | 5 | |
| 1 | | | | 2 | | | 3 | |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*




# SPORTverslag

## Dis nou weer tyd vir gholf

Met die vakansie agter die rug en die opkoms daartydens maar skraal, kan spelers uitsien na 'n besige program wat voorlê. Die Boeretreat is oor twee weke en einde Augustus is dit BASF Ryder Cup tyd. Dié wat nog wil inskryf vir Vrydag se gholf voor die Boeretreat sal ongelukkig op 'n waglys wees, daar is reeds 'n vol veld van 72 spelers. Saterdag se gholf behoort aan die borge en word slegs op uitnodiging gedoen. Die Ryder Cup span is voorlopig gedoen, maar die gevoel is dat dit kan verander en gaan dit bereken word op deelname deur die jaar, so vir die wat nie baie gespeel het nie, kom by die klub uit dit kan jou plek verseker. Die koppie staan op Frankfort maar dit is 'n goeie jaar om hom terug te bring. Verlede Saterdag was 'n handjievol spelers op die baan en Johan Nelson het die beste gevaar. Die putjiespel wedstryde moet nog afgehandel word en dit lyk of daar weer môre nog 'n paar wedstryde gespeel gaan word. Daar sal gewone spel wees vanaf 12:00. Moenie vergeet van die *draw* vanaand nie, dit staan op R2 000.

## HEILBRON Wilge Hengelklub

Wilge Hengelklub het Saterdag 13 Julie 'n klubkompetisie gehou te Morgenzon langs die Vaaldam. Dit was maar 'n moeilike wintershengeldag. Die opkoms was maar skraal, die koue het blykbaar 'n paar hengelaars afgeskrik.

**Uitslae is soos volg:**
**Seniors:** 1. Derick Tolmay, 2. GP Rossouw, 3. JD Claassen
**Juniors:** 1. Dean Tolmay

Die volgende kompetisie vind plaas in September. Vir meer inligting skakel GP Rossouw by 082 319 9472 of Derick Tolmay by 084 586 9113.

## HEILBRON Rolbalklub

Alhoewel die winterwindjie sommige dae maar erg koel raak is dit verblydend om elke Woensdag en Saterdag 'n goeie opkoms by sosiale spel te sien, en dan word daar ook gedurende die week gereeld spelers gesien wat op hul eie kom oefen. Eerskomende naweek vind die Vierhoek-toernooi te Bethlehem plaas. Dit is vier sub-distrikte wat teen mekaar meeding en Heilbron Rolbalklub word sterk verteenwoordig deur Judith Joubert, Amelia Galatis, Hannalie Claassen, Carina Kleynhans, Koos Bierman, Magda Bierman en Stienie Kotzee. Voor die winter sy ystande gaan bêre word 'n sop-aand beplan vir Donderdagaand 2 Augustus, ook met tuisgebakte brode uit die boonste gestoeltes. Die rolbaldag wat op 27 Julie gehou sou word is gekanselleer weens ander gebeurlikhede wat op dieselfde dag plaasvind.

Die laaste borgdag vir die huidige seisoen vind plaas op 24 Augustus en daarna sal die baan gesluit word vir die jaarlikse instandhouding, presiese datums van die sluiting sal later deurgegee word. Daar word beplan om hierdie jaar weer 'n nuwe bolaag (topping) op die baan aan te bring. Met die rolbalseisoen se einde in sig is die algemene jaarvergaderings ook op die kalender, Valsrivier Sub-Distrik 17 Augustus, Noord-Vrystaat 7 September en Heilbron Rolbalklub 12 September.

Die bestuur van die rolbalklub wil weereens die bestuur en personeel van die Heilbron Herald bedank vir gereelde plasing van die sportberigte en die beter kwaliteit papier waarop die koerant gedruk word maak lees nog lekkerder.

## HEILBRON Duiweklub

Verlede Saterdag het die duiwe vanaf Smithfield, 353km, gevlieg. Daar was byna geen wind nie en die duiwe het 'n hoë spoed gehandhaaf.

In die jaaroud wedvlug het Frikkie Spangenberg se duif vir hom sy 1ste wen van die jaar besorg, Dié duif was 45ste in die Vaal Posduif Unie.

In die Ope wedvlug het Frik Viviers die 1ste drie plekke verower. Die 1ste ope duif was 20ste in die Vaal Posduif Unie. Geluk aan Heilbron se duiweboere wat goed gedoen het.

**SMITHFIELD OPE**

1. F Viviers, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. Zenith B, 5. F Viviers, 6. Zenith B, 7. F Viviers, 8. F Viviers, 9. F Spangenberg, 10. F Spangenberg.

**SMITHFIELD JO**

1. F Spangenberg, 2. Zenith B, 3. F Spangenberg, 4. Zenith A, 5. F Viviers, 6. Zenith B, 7. F Viviers 8. F Viviers, 9. Stemmett Hokke, 10. Zenith B.

## KRANSFONTEIN Resiesduifklub

Op 13 Julie 2019 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Gariepdam gevlieg. Daar het 519 duiwe deelgeneem in die reis. Die duiwe is 07:45 losgelaat. Die wenduif is deur Jakes Jacobs geklok 13:07. Die distansie was 420km tot by die wenduif se hok. Die wenspoed is 1300,607 wat in meter per minuut gemeet word.

**Hier volg die uitslae:** 1ste - Jakes Jacobs, 2de - FED Hokke, 3de - FED Hokke, 4de - Jakes Jacobs, 5de - Jakes Jacobs, 6de - Wolmarans Hokke, 7de - Spartan Pigeons, 8ste - FED Hokke, 9de - FED Hokke, 10de - Wolmarans Hokke.


VAKANTE BETREKKING
Beskikbaar vanaf Augustus 2019

Ons is opsoek na 'n Grafiese Ontwerper wat innoverend en kreatief dink asook 'n bemarkingsrol kan vervul. Verder sal jy verantwoordelik wees om te help om die kreatiewe rigting van veldtogte te bestuur met begrip van tipografie en uitleg. Entoesiasme en oortuigingsvermoë sal jou in staat stel om produkte aan kliënte bekend te stel en te verkoop, terwyl aandag aan detail en noukeurigheid baie belangrik is vir die suksesvolle afhandeling van projekte en bestellings.

Kennis oor die volgende word benodig:
- Adobe Illustrator
- Adobe InDesign
- Adobe Photoshop
- Sosiale Media

Rolle van die Grafiese Ontwerper sluit in:
- Bied insette en kreatiewe leiding aan kliënte
- Produseer visuele ontwerpe vir alle media.
- Skakel met kliënte.

Stuur jou CV en rig navrae aan abrie@heilbron.co.za of handig dit in by Heilbron Herald, Elsstraat 44.

Heilbron Herald
058 582 3033


## Heilbronner presteer



*Waldo Snyman, oud-leerder van Hoërskool Heilbron is hierdie jaar deel van die Internasionale Rugby Instituut in Pretoria. Hy is gekies om die Pumas o/20 span as heelagter te verteenwoordig in die 2019 Currie-beker span, en het reeds sy eerste wedstryd gespeel teen die Limpopo Bulle o/20 wat die Pumas geklop het. Verder het hy ook die Naka Bulle Rugbyklub se o/20 span verteenwoordig hierdie seisoen in die Volcano reeks.*


BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 23 JULIE 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maree 073 949 8786
MEMEL / VREDE : TYGERFONTEIN MERINO'S
HENNING & ML HATLEY PRODUKSIEVEILING
450 Top Merino's
11:00, Tygerfontein, Memel
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

WOENSDAG - 24 JULIE 2019
MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 082 070 5992
STEYNSRUS : HUMAN BEEFMASTER
200 Beefmasters
11:00, Catherton, Steynsrus
Kontak Wilburg Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 25 JULIE 2019
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952
BRANDFORT : NELLO DOHNE MERINO
430 Dohne Merino's
11:00, plaas Ofra, Brandfort
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
VREDE : DEALE BOVELDERS
70 Bulle & 200 Vroulike diere
11:00, Madeira, Vrede
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

VRYDAG - 26 JULIE 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VENTERSBURG : NEELS DE VILLIERS FAMILIE TRUST
Totale uitverkoping van Merino kudde & skaaptoerusting
11:00, plaas Hayfield, Ventersburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za